


toe ons
ONEINDIG
was.



ZELDA BEZUIDENHOUT

Toe ons oneindig was (Zelda Bezuidenhout)

Leesgids saamgestel deur dr. Alet Mihálik



INHOUDSOPGAWE

Hoe om hierdie gids te benut	4
Die jeugroman	4
Die teikenleser	4
Die romantitel	4
Die voorblad	5
Die titelblad	5
Die agterblad	5
Die opdrag	5
Die outeur	5
Luistertoets	6
Die vertelinstantie	7
Spanning	7
Konflik	7
Beeldspraak	8
Die verhaalruimte	8
Die verhaaldebeure	10
Karakterisering	11
Intrige (of plot)	12
Tema	12
Vrae (en aktiwiteite)	13
Antwoorde	27

Hoe om hierdie gids te benut

Die doel met letterkunde-onderrig is nie dat leerders net die inhoud van 'n teks moet verstaan nie, maar om uiteindelik intelligent en ingelig te kan saampraat oor die letterkunde en verwante kunsvorms. In onlangse studies het die fokus verskuif van “wat probeer die outeur sê?” na “hoe verstaan die teikenleser die teks en hoe affekteer dit hóm?” (die sogenaamde resepsieteorie). Leerders moet dus aangemoedig word om die gepaste terminologie aan te leer sodat hulle hul eie mening sinvol kan verwoord.

Hierdie gids is op die onderwyser ingestem sodat hy betekenisvolle gespreke kan inisieer en lei. Daarom is die gegewe antwoorde eerder riglyne as “korrekte” antwoorde. Die onderwyser kan die gids na goeie afdrukke, manipuleer en kopieer. Die leë tabelle kan byvoorbeeld “gerek” en uitgedeel word sodat leerders dit self kan invul terwyl die teks gelees word. Net so kan die vrae vir toetse of hersiening gekies en aangepas word na gelang van die groep se taalvermoë en intellektuele peil. Die moontlike antwoorde en voorbeeldtabelle word aan die einde verskaf en kan later as kontrole of memorandum uitgedeel word sodat hulle hul pogings daarmee kan vergelyk. (Aangesien die doel van letterkunde-onderrig nie is om die storielyn te memoriseer nie, kan dit netsowel aan hulle gegee word om dan tydens besprekings of in toetse byderhand te hê as 'n indeks vir maklike verwysing.)

Die voorgestelde aktiwiteite kan gekies en aangepas word om aan kurrikulumvereistes te voldoen (en sommige mag selfs vanaf graad 10 as opsteltipevrae dien).

Die jeugroman

'n Tipiese tienerroman handel oor die grootwordproses en die rituele wat kenmerkend is van die oorgang na die verskillende lewensstadia. (Dit staan bekend as *rites of passage*, oftewel deurgangs- of oorgangsrites.) Algemene simbole vir sulke “grootwordstories” is byvoorbeeld gevaarlike, verwarrende terreine soos bosse, oerwoude (ook betonoerwoude), woestyne, troebel water, doolhowe en donker gange. Oorgang na nuwe stadia word dikwels gemerk deur water, soos reën, bad, swem en riviere. Dit behels dikwels inisiasieprosesse, die verlies van onskuld en die gepaardgaande ontgugtering, seksuele ontwaking, die ontdekking van die harde werklikheid van die grootmenswêreld, die aanvaarding van nuwe verantwoordelikhede, ensovoorts. In *Toe ons oneindig was*, is die keuse van gender-identiteit so 'n verwarrende gebied waardeur karakters hul pad moet vind.

Die teikenleser

Die teikenlesers van die jeugroman is tieners. Dikwels is die hoofkarakter se ouderdom ook 'n aanduiding. Bespreek dit vooraf met die leerders en waarsku hulle dat hulle ná die leesproses 'n resensie gaan skryf waarin hulle sal moet aandui of die inhoud, taalgebruik, ensovoorts gepas is vir die teikenmark.

Die romantitel

'n Titel skep verwagtinge by die leser. Laat die leerders aanvanklik neerskryf wat hulle dink gaan gebeur. Laat hulle dan periodiek tydens die leesproses aanpassings maak sodat hulle bewus word van hoe die kognitiewe prosesse die verwagtinge beïnvloed.

Die voorblad

Die voorblad bepaal dikwels of 'n leser die boek gaan lees of nie. (Onthou, die voorblad word deur 'n kunstenaar ontwerp en nie deur die skrywer nie.) Laat die leerders die voorblad, wat hier ook oor die agterblad strek, bespreek. Die volgende vrae kan as riglyne dien:

1. Watter tyd van die dag word uitgebeeld en hoe weet ons dit?
2. Waar is hierdie toneel en hoe weet ons dit?
3. Hoekom, dink jy, is die mense se rûe na ons gedraai?
4. Watter soort gebou is dit en hoekom sê jy so?
5. Hoe oud is die mense en hoe weet jy dit?
6. Watter effek het die lettertipe waarin die titel gedruk is?
7. Watter visuele aspekte ondersteun die woord "oneindig" in die titel?
8. Watter effek het die kleure?
9. Gee 'n moontlike verklaring van die titel.
10. Die titel, asook die voor- en agterblad van 'n boek, skep sekere verwagtinge by die leser. Skryf in een of twee sinne neer wat jy dink gaan gebeur.

Die titelblad

Die voor- en agterkant van die titelblad bevat inligting wat ons gebruik vir 'n bibliografie. Laat die leerders die volgende inligting vind (en die terminologie leer):

1. Wie is die outeur van hierdie roman?
2. Wie is die uitgewer en waar is hul hoofkantoor?
3. In watter jaar het hierdie roman verskyn?
4. Hoe sal jy hierdie boek in 'n bibliografie of bronnelys aanteken?

Die agterblad

Bespreek die agterblad aan die hand van die volgende vrae:

1. Op die agterblad is 'n kort opsomming van die verhaal. Wat is die doel van hierdie opsomming?
2. Wat noem ons hierdie soort opsomming?

Die opdrag

Aan wie is hierdie roman opgedra en wie dink jy is dit?

Die outeur

Die bygaande foto is deur die skrywer verskaf. Laat die leerders daarvoor gesels – hoe oud is sy, wat dink hulle van haar kleredrag en haarstyl, hoekom dink hulle het sy juis hierdie foto vir publikasie gekies, ensovoorts.



Biografiese inligting oor die outeur kan as 'n luistertoets gebruik word om te verseker dat leerders luister wanneer dit voorgelees of vertel word. Die volgende inligting is deur die uitgewer verskaf:

Zelda Bezuidenhout is in Zambië gebore, maar het op Hennenman in die Vrystaat grootgeword, waar haar pa by die sementfabriek gewerk het. Ná skool het sy B.A. Kommunikasiekunde aan die P.U. vir C.H.O. (deesdae Noordwes-Universiteit) studeer.

In haar finale jaar was sy een van twaalf nagraadse studente landwyd wat gekies is vir 'n reklame-internskap by die AAA (Association of Advertising Agencies). "My rugsak was reeds gepak vir 'n jaar se werk op 'n Israeliese kibboets toe ek die nuus kry. Ek het my rugsak maar weer uitgepak en op die ou end vir amper dertig jaar as tweetalige kopieskrywer in die reklamebedryf gewerk – die meeste van daai jare as 'n vryskutskrywer. Ek het nou nog nie in Israel uitgekom nie!"

Deesdae woon sy in Parys in die Vrystaat saam met haar man, Izak, en tienerdogter, Mia. Sy bedryf 'n klein portefeulje selfsorg-gastehuse en het in die middel van 2017 haar eerste boek, *As mens geluk kon proe*, geskryf. Dit is as naaswenner in LAPA se jeugromankompetisie bekroon. Volgens Zelda skryf sy al haar hele lewe lank. Op laerskool wou sy 'n haarkapper word, maar het besef sy het "ronde handjies". Sy skryf graag jeugverhale want sy is gek oor tieners – volgens haar "vreemde, snaakse, eerlike en onvoorspelbare wesens".

Luistertoets:

1. In watter land is die skrywer gebore? (1)
2. In watter provinsie het sy grootgeword? (1)
3. In watter provinsie woon sy nou? (1)
4. Watter reklamebesigheid het die skrywer in haar finale jaar gewerk? (1)

- | | |
|--|-----|
| 5. Hoe lank het die skrywer in die reklamebedryf gewerk? | (1) |
| 6. Watter soort werk het sy gedoen? | (1) |
| 7. Watter droom van die skrywer het nog nie waar geword nie? | (1) |
| 8. Wie is Mia? | (1) |
| 9. Wanneer het Zelda haar debuut as skrywer gemaak? | (1) |
| 10. Hoekom het die skrywer nie 'n haarkapper geword nie? | (1) |

[10 punte]

Die vertelinstantie

Een van die grootste probleme wat 'n skrywer ondervind, is wié die verhaal gaan vertel. In die Afrikaanse literatuur vóór die vernuwing van Sestig, is hoofsaaklik derdepersoons-vertellers gebruik. Sedert Sestig het die eerste persoonsverteller gewild geraak – veral omdat die sogenaamde gedagtestroom-vertel tegniek (“stream of consciousness”) so toepaslik was vir die eksistensialisme wat toe hoogmode was.

Die vertelinstantie het in onlangse jare baie aandag van literatuurwetenskaplikes geniet. Vir skooldoeleindes is dit voldoende om te onderskei tussen 'n ek-verteller (ook genoem binneverteller of eerste persoonsverteller) en 'n derde persoonsverteller (ook genoem 'n alomteenwoordige of buiteverteller.) Die voordeel van 'n derde persoonsverteller is dat hy alles kan sien en beskryf, maar die nadeel is dat hy nie eerstehands kan vertel hoe 'n karakter dinge beleef nie. 'n Derde persoonsverteller kan ook deur 'n spesifieke karakter fokus – so 'n karakter word 'n fokalisator genoem. 'n Ek-verteller kan net vertel wat hy self sien of hoor en 'n outeur gebruik dan dikwels tegnieke soos gesprekke, briewe, skinderstories, ensovoorts om dié beperking te oorkom. Hierdie verhaal word vertel deur Kara Immelman, 'n ek-verteller wat ook die hoofkarakter in die verhaal is.

Spanning

Spanning is die afwagting wat die leser noop om verder te lees. Dit sluit in: die nuuskierigheid oor wie wát gaan doen, die afwagting op daardie romantiese soen, die asem-ophou terwyl jy wag om te sien of 'n poets gaan werk, ensovoorts. Die spanning kan opbou na 'n klimaks, of dit kan afwisselend opbou en verslap tot by die uiteindelijke klimaks (of soms antiklimaks). In hierdie roman besef die leser dat Samantha gay is wanneer die versierings in haar kamer beskryf word. Dit veroorsaak spanning by die leser om te sien óf, hóé en wanneer Kara dit gaan uitvind en hoe sy daarop gaan reageer. Hierdie spanning word opgelos wanneer Kara teenoor haarself erken dat sy gay is, maar word hervat wanneer sy besef dat sy haar konserwatiewe ouers sal moet inlig.

Konflik

Konflik (botsing) skep spanning en is ook 'n belangrike karakteriseringstegniek. Ons onderskei tussen interne (innerlike) en eksterne (uiterlike) konflik. Eksterne konflik is botsing tussen 'n karakter en sy omgewing – hetsy ander karakters, die natuur of omstandighede buite sy beheer. In hierdie roman vind eksterne botsing plaas tussen Kara, die protagonis, en Julia, die katterige boelie wat skinderstories oor Sam en juffrou Enslin versprei. Ook die gesinsvriend, Andries, wat antagonistiese graffiti oor Sam op die bushalte verf, skep eksterne konflik.

Interne konflik is 'n karakter se eie botsende emosies, begeertes en drange. Kara ervaar intense innerlike konflik wanneer sy besef sy is gay en verlief op Sam – wat bots met haar konserwatiewe opvoeding dat gay wees sonde is.

Eksterne konflik veroorsaak gewoonlik interne konflik en omgekeerd. In 'n bepaalde konfliktsituasie noem ons die karakter wat positief optree die protagonis en die aggressor ('n karakter of instansie wat negatief op die protagonis inspeel) die antagonis. Wanneer daar 'n derde “mag” betrokke is, soos byvoorbeeld in 'n liefdesdriehoek, word dié die tritagonis genoem. In moderne verhale word hierdie rolle nie altyd duidelik en deurlopend toegeken nie en kan die hoofkarakter byvoorbeeld 'n aggressor of antiheld wees.

Beeldspraak

Alle nie-letterlike uiting is eerstens metafoor en dan 'n vergelyking, personifikasie, hiperbool, ensovoorts. 'n Metafoor lê 'n assosiatiewe verband tussen twee dinge. Die raakpunt tussen dié twee dinge word die *tersium* (Latyn: *tertium comparationis*) genoem. Wanneer beeldspraak ontleed word, word die tersium eers bepaal, en dan word ondersoek watter twee dinge daardeur verbind word. As Kara byvoorbeeld sê: “'n Dik rooi woedegordyn sak voor my” (p. 148) is die raakpunt die kleur rooi, wat 'n bul in 'n stiergeveg verwoed laat storm.

Die verhaalruimte

Die ruimte behels die plek, tyd en atmosfeer waarbinne die verhaal afspeel. Die verhaalruimte hoef nie die werklikheid te weerspieël nie, want die roman skep sy eie “werklikheid” wat die leser moet oortuig dat dit eg is. Let op leidrade soos tegnologie, modes, musiek, historiese gegewens, motormodelle, asook tienertaal soos “chill” en SMS-taal soos “FYI” en “emoji” wat aanduidings van die verhaal se tydsgees en –raamwerk kan wees. Die outeur het op versoek van haar uitgewer 'n Spotify Playlist saamgestel van musiek waarna in *Toe ons oneindig was*, verwys word. Luister gerus daarna om vas te stel hoe dit die atmosfeer aantoon. Laat die leerders tydens die leesproses gegewens en leidrade ten opsigte van ruimte op 'n tabel soos hier onder invul ('n voorbeeld verskyn by die antwoorde). Daarna kan dit saamgevat word vir 'n opsteltipevraag oor die verhaalruimte.

	Die verhaalruimte		
Hoofstuk	Tyd	Plek	Atmosfeer
1.	Damduikers		
2.	Gelukkige gesinne 101		
3.	Eduard se nuwe crush		
4.	Engel met 'n tatoe		
5.	Meesters van verkenning		
6.	Miss Sun Air 1999		
7.	Slegte tjomies		
8.	Die nuwe vrou		
9.	Krismis in April		
10.	Die kontras tussen drome en werklikheid		
11.	Die vloek van Beyoncé		
12.	Die coolste couple by die dans		
13.	Iets wat presies reg pas		
14.	Oor rooi en blou		
15.	Die mag van woorde		
16.	Die bleddie broodbome		
17.	Die sigaar		
18.	Kring om die maan		

Die verhaaldeure

Laat die leerders elke hoofstuk baie kortliks met sleutelwoorde en bladsyverwysings opsom terwyl hulle die boek lees, sodat dit later as 'n indeks kan dien om inligting te vind.

Hoofstuk	Verhaaldeure
1 p. 5-8	Damduikers
2 p. 9-19	Gelukkige gesinne 101
3 p. 20-32	Eduard se nuwe crush
4 p. 33-36	Engel met 'n tatoe
5 p. 37-51	Meesters van verkenning
6 p. 52-57	Miss Sun Air 1999
7 p. 58-66	Slegte tjomies
8 p. 67-73	Die nuwe vrou
9 p. 74-85	Krismis in April
10 p. 86-90	Die kontras tussen drome en werklikheid
11 p. 91-102	Die vloek van Beyoncé
12 p. 103-116	Die coolste couple by die dans
13 p. 117-127	Iets wat presies reg pas
14 p. 128-145	Oor rooi en blou
15 p. 146-159	Die mag van woorde
16 p. 160-166	Die bleddie broodbome
17 p. 167-178	Die sigaar
18 p. 179-184	Kring om die maan

Karakterisering

Die leser leer karakters ken deur wat hulle doen, dink en sê. Ook uit hoe ander karakters met en van hulle praat en teenoor hulle optree, uit watter omgewing hulle kom, ensovoorts. Naamgewing kan ook karakteriseer – ’n naam soos Samantha beteken byvoorbeeld “verken”, wat sinspeel op haar ingesteldheid om tradisionele norme te bevraagteken. Let ook op byname en hoe dit as karakterisering dien.

Soms manipuleer die outeur die leser om met sekere karakters te simpatiseer of van hulle te hou al dan nie. Leerders moet hierop attent gemaak word wanneer karakterisering bespreek word. Let wel: Die neiging om karakters as protagoniste of antagoniste te tipeer, word onder die hofie “Konflik” bespreek aangesien ’n konfliksituasie bepaal wie die protagonis of antagonis in ’n spesifieke situasie is.

Omdat ’n roman oor meer verteltyd as ’n kortverhaal beskik, verwag ons dat die karakters sal groei en ontwikkel. Die outeur het meer ruimte om “ronde” karakters te skep – dit wil sê veelsydige karakters met interessante fasette wat oortuigend en geloofwaardig is. Laat leerders ’n tabel soos die een hier onder teken en dan besonderhede oor elke karakter daarop invul terwyl hulle lees om uiteindelijke karakterbesprekings te vergemaklik.

Karakters			
Die Immelmans			
Kara	Ma Louise	Pa Willem	Broer Francois
		Snuffels	Chewbacca

Die Van Wyks			
Eduard	Ma Ina	Pa Sybie	Oupa Thinus
			Katte

Die Adamse		
Samantha (“Verken”)	Ma Bianca	Aunty Mave

Randfigure			
Kinders		Volwasseenes	
Ian Botha		Meneer Brits	
Amanda		Juffrou Riëtte Enslin	
Steve		Juffrou Kriel	
Mona le Roux		Coach Alice	
James Alrode		Coach Elnette	
		Reina Roux	
Julia Beetge		Tannie Lida Beetge	
Andries Venter		Nicola de Beer	

Intrige of plot

Die intrige is die spanningslyn wat by die motoriese moment begin en oplaai tot by die klimaks. ’n Kortverhaal het gewoonlik net genoeg verteltyd vir een intrige, maar in ’n roman is daar tyd vir meer as een intrige. In *As mens geluk kan proe*, is daar byvoorbeeld die hoofintrige van Kara se soeke na selfidentiteit en -aanvaarding. Dit begin wanneer sy wonder hoekom sy nie romanties teenoor Eduard kan voel nie en bereik ’n klimaks wanneer sy hardop erken sy is gay.

Dan is daar die subintriges van oom Sybie en die effek van oupa Thinus se siekte op sy gemoedstoestand, dié van Ina wat haar man vir ’n ryk kêrel in Saoedi wil verlaat, Bianca Adams se hunkering na die verlede en aanvaarding, ensovoorts.

Tema

Die tema is die hoofgedagte of -boodskap wat die roman aan die leser oordra. Die hooftema van *Toe ons oneindig was*, is die uiteindelijke besef dat geluk by selfaanvaarding berus en dat seksuele identiteit vele aspekte behels. Daar is ook subtemas soos dat eerlikheid tot gemoedsrus lei, dit nie nodig is om te rebelleer as jy nie by die groep inpas nie, en so meer. Verskillende lesers kan verskillende temas in die roman eien na gelang van hul eie behoeftes, ervaring en geestesingesteldheid.

Vrae en aktiwiteite

Hoofstuk 1: Damduikers

Vrae

1. Wie vertel die verhaal?
2. Wat noem ons só 'n verteller?
3. Waarna verwys “sirkus” in die openingsin?
4. Gee die Afrikaans vir *unicorn*.
5. Hoekom is die *unicorn* op oupa Thinus se beker ironies?
6. Wat kan ons aflei van die T-hemp wat Kara dra?
7. Maak 'n lysie van bewyse dat Kara en Eduard hegte vriende is.
8. Verduidelik hoekom die sterre in Kara en Eduard se oë nou verdof.
9. Gee 'n sinoniem vir “vlieënier”.
10. Waar is hierdie dam en hoe weet ons dit?
11. Watter seisoen is dit en hoe weet ons dit?
12. Hoe lank het Kara en Eduard in die dam gesit en hoe weet ons dit?
13. Gee verskillende betekenisemoontlikhede vir “damduikers”.
14. Wat, dink jy, simboliseer die leë dam en die opening in die wal waardeur hul uitklim?

Aktiwiteite

1. Maak 'n wenslysie van plekke wat jy graag ná matriek wil besoek en motiveer jou keuse.
2. Bespreek Kara en Eduard se wenslysies as karakteriseringstegniek.

Hoofstuk 2: Gelukkige gesinne 101

Vrae

1. Benoem en verduidelik die beeldspraak in die openingsparagraaf.
2. Hoekom, dink jy, jok Kara oor waar sy heelmiddag was?
3. Wat het Kara en haar pa gemeen?
4. Hoekom het Kara nie meisiemaats nie?
5. Hoekom is Kara se karate 'n “teer puntjie” in hul huis?
6. Verduidelik wat 'n *tomboy* is.
7. Benoem en verduidelik die beeldspraak in die sin “Ek dog sy's op *autopilot*” (p. 17).
8. Wat bedoel Kara wanneer sy sê sy het 'n “generiese” gesig (p. 18)?
9. Watter tegniek gebruik die outeur om Kara se voorkoms te beskryf?
10. Verduidelik die hoofstuktitel.

Aktiwiteite

1. Skryf Kara se dagboekinskrywing oor die dag se gebeure, asook haar gevoelens en drome.
2. Teken 'n identikit van Kara met behulp van haar selfbeskrywing.

Hoofstuk 3: Eduard se nuwe crush

Vrae

1. Gee die Afrikaans vir
 - 1.1 *crush* (p. 20)
 - 1.2 *actually* (p. 21)
 - 1.3 *interview* (p. 23)
 - 1.4 *stiletto's* (p. 23)
 - 1.5 *stalk* (p. 23)
 - 1.6 *genius* (p. 25)
 - 1.7 *lift* (p. 26)
2. Wat impliseer dit as Kara die groei van borshare met 'n "wonderwerk" assosieer (p. 20)?
3. Wat noem ons "*love at first sight*" in Afrikaans?
4. Benoem en verduidelik die beeldspraak in die sin: "By juffrou Kriel se klas sien Eduard die meisie af soos 'n wafferse Uber-bestuurder." (p. 24)
5. Na watter eienskappe van katte word verwys as Kara sê meisies kan nogal katterig wees?
6. Hoekom, dink jy, noem Eduard die oplaai plek 'n "lanseerarea" (p. 27)?
7. Wat is *garage pies* (p. 30)?
8. Eduard sê sy oupa is op sy eie planeet. Dink jy dit maak sy vroeëre verwysing na "lanseerarea" ironies?
9. Dink jy die Van Wyks se huis word doelbewus met die "Krismishuis" gekontrasteer? Motiveer jou antwoord.

Aktiwiteite

1. Samantha se ma is "n aantreklike vrou". Stel vas wat "karikatuur" en "karikaturisering" beteken en bespreek dan of die beskrywing van Samantha se ma (p. 22 en 23) karikaturisering genoem kan word.
2. In baie lande versier mense hul huise met liggies en beeldjies tydens Kerstyd soos die voorbeeld op hierdie foto. Skryf 'n koerantberig oor Lichtenburg se "Krismishuis" vir die plaaslike koerant, *Die Noordwester*.



Noordwester

NORTH WEST NEWSPAPERS HONOUR MADIBA'S LEGACY
NELSON MANDELA 1918 - 2018 CENTENNIAL



Liggies gee komberse op Mandela Dag!

Woensdag, 18 Julie 2018 was dit Nelson Mandela se 100-jarige viering. Een van sy leuses in die lewe was: "There can be no greater gift than that of giving one's time and energy to help others without expecting anything in return." Laerskool Lichtenburg het besluit om in die volgende winter komberse uit te deel op hierdie dag en het dit geskenk aan die Lich-Help Hulpervereniging in Lichtenburg wat aan ongeveer 200 gesinne in ons omgewing hulp verleen. Op die foto is agter me. Richard Champion, hoof van die skool en mev. Maryna van Wyk, Mev Lichtenburg Elegans 2018. Voor is me. Liggies Carl Olivier, Leaharke Seymore en Arnel Mouton.

Kry jou pronkuitgawe vandag!

NOORDWESTER - LICHTENBURG
Die 2018-uitgawe van "Noord-Kaap - Skakels van Kontras" - 'n pronkuitgawe van nie minder as 180 bladsye met die fokus op die jare van held-afrikaanse toernooi-destemming, is tans by ons kantoor in Transvalstraat beskikbaar.
Kom kry gerne via jou 'n gratis eksemplaar van hierdie gaafheidske kragt en gaan die Noord-Kaap met groot, grondige toernooikennis en groot verwagting tegemoet!

Boer se aanvallers gevonniss - p3

Buurtweg klim self in en maak skoon! - p5

Gestig 1955



20 JULY 2018

H/v Transval - en Dr. Nelson Mandelarylaan,
Postbus 2001, Lichtenburg 2740
Epos: mailbag@noordwester.co.za
Tel: 018 632 6638 - Faks: 018 632 4222
R2-00 VAT INCL.

SIMBRA VEILING
Nárens Vooraansstaande Telers wat al vir jare Top Skietlike uit in krye Getreepel in Noordwes verteen.

LOT 21 LOT 52 LOT 19 LOT 86

Afsaers Auctioneers www.plase.co.za
cga@plastic.net

Donderdag 26 Julie 2018 om 11:00 by Lichtenburg Skougroende

AANBOD: 135 SIMBRAS

35 Bulle & 100 Vroulike Diere

EEN VAN DIE GROOTSTE SIMBRA VEILINGS IN SA!

NAVRAE:
Clive Gardner Afrikaner: 018 280 9610
Hendrik Nel: 082 493 8218
Thomus Visser: 082 348 5166
Boesveld (BB) T. Riehan V/D Wier: 082 274 5485
Steenwald (LZ) Riehan van Zyl: 082 384 1821
Marlene (LJ) Pieter van Zyl: 082 702 3795
Donkerfontein (BG) Hendrik Grobbelaar: 082 942 2891
Nemanda Trust (TN) Marlon Nel: 082 708 6198
Lekato Simbras (LKT) Dr Oshobang Mkwane: 082 264 2402
Gawe Coetzee Bonders (GC) Gawe Coetzee: 072 287 8026
Nelburg Bdy - Marlon Nel (Lr): 082 983 7280 & Jamie Berger: 084 410 3700

Foto's en Pamflet sien: www.simbras.org / www.plase.co.za

Hoofstuk 4: Engel met 'n tatoe

Vrae

1. Hoekom, dink jy, antwoord Samantha nie op Kara se vraag of sy al in verskeie skole was nie en watter effek skep dit?
2. Wat is *glyphs* in Afrikaans en wie het dit oorspronklik gebruik om te skryf?
3. Die koms van Samantha veroorsaak vir Kara innerlike en uiterlike konflik. Verduidelik hierdie stelling aan die hand van voorbeelde.
4. Op p. 35 sê Samantha: "Is Eduard ... ek bedoel, is jy en Eduard ...?"
 - 4.1 Wat noem ons die drie kolletjies?
 - 4.2 Skryf haar woorde oor en vul die ontbrekende woorde in.
 - 4.3 Hoekom sê sy nie die ontbrekende woorde nie?
5. Wat bedoel Kara as sy sê "dis die einde van 'n era"?
6. Gee twee korrekte afkortings vir "4-uur" en skryf elk dan voluit.

Aktiwiteite

1. Skryf Bianca Adams se brief aan meneer Smit, die skoolhoof, waarin sy aansoek doen dat Sam eers in April tot die skool toegelaat word. Gee redes vir die laat aansoek.



2. Kyk na 'n foto van die Hoërskool Lichtenburg se skooldrag op hulle webwerf en maak dan 'n inkopielys van items wat Bianca vir Sam moet koop.
3. Skryf namens Kara aan Eduard 'n WhatsApp-boodskap pleks van die emoji om te sê hoekom sy:
 - 3.1 saamstem dat Samantha “nie soos ander girls” is nie
 - 3.2 “kleinkoppie trek”

Hoofstuk 5: Meesters van verkenning

Vrae

1. Wat bedoel Kara as sy sê Sam is “te veel meisie” vir Eduard (p. 37)?
2. Skryf in Afrikaans: “Eduard is toe nie so 'n *push-over* soos wat sy waarskynlik gedink het nie”. (p. 38)
3. Hoekom vervies Kara en Eduard hulle as Sam hul vriendskap 'n “bende” noem?
4. Watter woord suggereer dat Sam al heelwat teleurstellings moes verduur?
5. Dink jy “kaggelkakkies” (p. 41) is 'n geskikte naam vir ornamente?
6. Gee die Afrikaans vir
 - 6.1 *acting coach* (p. 46)
 - 6.2 *tjoklitkoek* (p. 49)
 - 6.3 *secret ingredient* (p. 50)
 - 6.4 *chips* (p. 50)
 - 6.5 *real* (p. 51)

Aktiwiteite

1. Rangskik die metode vir aunty Mave se sjokoladekoekresep in die logiese volgorde.

KLAM SJOKOLADEKOEK MET MAYONNAISE	
	<p>Bestanddele:</p> <ul style="list-style-type: none"> 250 g (500 ml) koekmeel 60 g (150 ml) kakao 15 ml bakpoeier 5 ml koeksoda 3 ekstra groot eiers 300 g (375 ml) suiker 5 ml vanieljegeursel 250 ml mayonnaise 250 ml sterk aangemaakte koffie <p>Ganache:</p> <ul style="list-style-type: none"> 2 x 150 g donker sjokolade 250 ml vars room

Metode:

Laat die koeke in die panne afkoel voordat jy dit versier.

Skep die beslag in die panne en bak vir ongeveer 35 minute tot toetspen skoon uitkom.

Voer 2 x 20 cm-panne met bakpapier uit en spuit met kleefvrye sproei.

Sif droë bestanddele saam en hou eenkant.

Meng die mayonnaise en koffie tot glad.

Meng die koffie-mayonnaisemengsel en die droë bestanddele by die eiermengsel in om 'n gladde beslag te vorm.

Voorverhit oond tot 180 °C.

Klits eiers, suiker en vanieljegeursel saam tot lig en romerig.

Ganache:

Smelt die sjokoladeblokkies in glasbak oor kokende water.

Verhit intussen so 100 ml van die room tot kookpunt in mikrogolf.

Meng die room by tot satynglad.

Sit die eerste laag koek op opdienbord en gooi die effens afgekoelde ganache oor sodat dit effens afdrup aan die kante. Sit die tweede laag koek bo-op en doen dieselfde.

Hoofstuk 6: Miss Sun Air 1999**Vrae**

1. Wie was Miss Sun Air 1999?
2. Wat bedoel Bianca wanneer sy sê: "So 'n bek moet jêem kry"? (p. 53)
3. Waar is Belhar (p. 55) en hoe karakteriseer dit Bianca?
4. "Ek hoop jy sal uitkyk vir haar" (p. 56) is 'n direkte vertaling uit Engels. Hoe sal jy dit in beter Afrikaans sê?
5. Wat beteken dit as iemand "tweede viool speel" (p. 57)?

Aktiwiteite

1. Ontwerp 'n advertensie vir die pos wat Louise Immelman wil vul. Gee 'n posbeskrywing, kontakbesonderhede, ensovoorts.
2. Stel Bianca Adams se aansoekbrief en CV vir die geadverteerde betrekking op.

Hoofstuk 7: Slegte tjommies**Vrae**

1. Som die drie fases wat Ma voor 'n geselligheid ervaar in een woord elk op.
2. Gee 'n sinoniem vir "stres".
3. Benoem en verduidelik die stylfiguur in "gezirts" (p. 61).
4. Wat veroorsaak dat Kara haar besluit om nie na die matriekafskeid te gaan nie, verander?
5. Hoekom is Kara so onwillig om 'n rok en grimering na die matriekafskeid te dra?
6. Vertaal in Afrikaans: Ek hoop sy *cope*.
7. Waarna verwys die hoofstuktitel?
8. Dink jy daar is 'n gevoelsverskil tussen "maats" en "tjommies"?

Aktiwiteite

1. Die gesegde lui: “Aan jou vriende sal jy geken word.” Hou ’n klasdebat oor hierdie onderwerp.
2. Stel ’n doenlysie op van dinge wat jy ter voorbereiding van die matriekafskied wil doen.
3. Kyk na die inligting oor Lee Strasberg se dramaskool en die tegniek genaamd “The Method”. Dink jy Sam sal daar inpas indien sy wel ’n beurs kry om daar te studeer?



METHOD ACTING

The almost church-like status of the Actors Studio and the incredible success of its many members left an indelible mark on the training of the American actor. In describing the unique quality of studio acting, David Garfield, in his book A Player's Place said: "It is a mode of performance readily differentiated from typical English or French acting. It is unconventional, deeply felt, and psychologically detailed. It is more impulsive than calculated and more openly emotional than intellectual. It has idiosyncratic qualities which at their worst fall into mannerism and at their best create the effect of unique, living individualities." The distinct quality of Studio actors, in service of an emerging cohort of vibrant young playwrights like Arthur Miller, Tennessee Williams and William Inge, popularized the training which would soon be given the name The Method.

Hoofstuk 8: Die nuwe vrou

Vrae

1. Waar is Sam en Eduard en wat suggereer die woorde “besig is om op die rusbank aan te vang”?
2. Benoem en verduidelik die beeldspraak in die sin: “Sy beweeg tussen die gaste in die De Beers se plaasskuur asof sy op kwik loop.” (p. 67)
3. Bianca “dwarrel” verby Kara. Wat dwarrel gewoonlik?
4. Wie is Ronald McDonald?
5. Hoekom voel Bianca soos ’n leë dop?
6. In watter jaar vind die verhaaldebeure plaas en hoe weet ons dit?
7. Wat noem ons iets wat jou terselfdertyd hartseer maak en laat lag en hoekom voel Bianca so?
8. Verduidelik die ironie in Bianca se woorde: “*I was made to shine*” en vertaal dit in Afrikaans.
9. Gee die Afrikaanse woord vir *customers* (p. 73).

Aktiwiteite

1. Skryf Bianca Adams se informele brief aan haar ouers in die Noord-Kaap om te vertel van haar groot aand as Miss Sun Air.
2. Doen navorsing oor Lichtenburg en ontwerp dan 'n reklame-vouiljet om toeriste of beleggers na dié dorp te lok.

Die dorp Lichtenburg is gestig op die plase Middelbosch en Doornfontein. Die plase is deur Hendrik Greeff, skoonvader van generaal J.H. de la Rey, aan die Zuid-Afrikaansche Republiek vir die stigting van 'n dorp geskenk. Die naam is gekies in 1873 deur die president van die Zuid-Afrikaansche Republiek, Thomas Francois Burgers, en beteken "dorp van lig". Jacobus Voorendyk het op 13 Maart 1926 'n diamant op hulle familieplaas ontdek, en binne twaalf maande was daar 108 000 fortuinsoekers op die toneel.

Hoofstuk 9: Krismis in April

Vrae

1. Hoe sluit die hoofstuktitel by die vorige hoofstuk aan?
2. Hoekom skop Eduard na 'n "onsigbare klippe" op die skoolstoep (p. 74)?
3. Ons sê gewoonlik "daar broei donderweer". Watter verskil maak dit as Sam sê: "Daar brou donderweer"?
4. Gee die Afrikaans vir *spoiled brat*.
5. Dink jy Bianca is reg wanneer sy sê Sam is 'n *spoiled brat*?
6. Sam en Bianca ervaar albei skuldgevoelens omdat Sam nie haar pa ken nie. Verduidelik.
7. Dink jy die hoofstuktitel is ironies?


Aktiwiteite

1. Bespreek hoe die plakkate en pienk driehoek teen Sam se bedstyl en mure as spanningstegniek dien.

'n Onderstebo pienk driehoek is 'n kenteken van die gay-gemeenskap sedert Hitler gay mense gedwing het om dit te dra. Dit is "die Rosa Winkel" genoem. Heinz Heger, 'n voormalige "doll boy", het in sy memoir, *The Men with the Pink Triangle*, beskryf hoe gay mans in konsentrasiekampe gemartel is. Deesdae word dit deur gay mense gedra as teken van verzet teen die verlede én trots op hul genderidentiteit.

Die reënboogkleurige vlag verteenwoordig menseregte, insluitende genderkwessies.

(Saam met die foto's van wulpse meisies insinueer dit dus dat Sam gay is. Kara is te naïef om dit te verstaan en dit skeep afwagting, oftewel spanning, by die leser.)



Hoofstuk 10: Die kontras tussen drome en werklikheid

Vrae

1. Vind 'n sinoniem vir “skoelappers” op p. 86.
2. Kara noem haar kamer 'n “niemandslaan”. Benoem en verduidelik hierdie beeldspraak.
3. Sou jy sê Ma is konserwatief of rassisties?
4. Aan watter mite herinner die “goed-waaraan-ek-nie-dink-nie-boksie” en wat suggereer dié assosiasie?
5. Gee die Afrikaans vir *lesbian* (p. 89).
6. Verduidelik hoe gay wees innerlike konflik by Kara veroorsaak.
7. Bespreek die ironie van die naam “Lichtenburg” teen die agtergrond van Kara se beskrywing van die dorpsgemeenskap.

Aktiwiteite

1. Vergelyk Kara en Sam se ma's met behulp van Kara se gedagtes oor haar en Sam se slaapkamers.
2. Die plakkaat van Beyoncé word langs die verjaardagskaart gejuksstapositioneer. (Juksstapositionering is die plasing van twee aspekte naas of teenoor mekaar sonder om dit te vergelyk sodat die kyker dit self moet vergelyk en afleidings maak.) Bespreek hoe dit met die hoofstuktitel skakel.



Hoofstuk 11: Die vloek van Beyoncé

Vrae

1. Waarna verwys die hoofstuktitel?
2. Verduidelik die leestekens in die sin: "Jy. Is. Gay."
3. Gee die Afrikaans vir
 - 3.1 *cute* (p. 92)
 - 3.2 matriekafskeid-*dates* (p. 93)
 - 3.3 *dude* (p. 94)
 - 3.4 *swot* (p. 95)
 - 3.5 *cupcakes* (p. 97)
4. Gee 'n sinoniem vir
 - 4.1 "windgat" (p. 91)
 - 4.2 letsels (p. 95)
 - 4.3 boggerop (p. 96)
 - 4.4 gestres (p. 100)
5. Benoem die stylfiguur in "Phhhweeeet" (p. 93).
6. Hoekom het Bianca stilstupe (p. 96)?
7. Verduidelik die verskil tussen doopnaam, noemnaam, bynaam en troetelnaam.
8. Dink jy Kara se troetelnaam dien as karakterisering?
9. Hoekom, dink jy, het Sam so haastig die gala verlaat?

Aktiwiteite

1. Coach Elnette moet die gala-uitslae tydens die saalbyeenkoms aankondig. Skryf 'n kort toespraak van gelukwensing aan Kara met haar puik swemprestasies.
2. Bespreek moontlike redes waarom Andries Venter nie meer by die Immelmans kuier nie.

Hoofstuk 12: Die coolste couple by die dans

Vrae

1. Gee die Afrikaans vir
 - 1.1 *coolste couple* (p.103)
 - 1.2 *pressure* (p. 104)
 - 1.3 *dates* (p. 105)
 - 1.4 *At your service* (p. 105)
 - 1.5 *celebrate* (p. 110)
 - 1.6 *showroom* (p. 112)
 - 1.7 *laptop* (p. 112)
2. Hoekom het Kara moed nodig om met Sam te praat oor wat sy in die kledkamer gehoor het?
3. Hoekom, dink jy, bly Kara sit wanneer sy Sam gelukwens (p. 107)?
4. Hoekom is die woord "redenaarskoningin" ironies?
5. Gee 'n sinoniem vir "ongelooflike" aandrokke (p. 108).
6. Waarom wil Kara nie hê haar ma moet polisieman speel by die matriekafskeid nie?
7. Verduidelik die woordspel in "Immelvroue" (p. 110).
8. Benoem en verduidelik die beeldspraak in die sin: "Ek skuif agter my lessenaar in en maak my laptop oop met die konsentrasie van iemand wat 'n bom moet ontlont." (p. 113)
9. Benoem die emosie wat uitgebeeld word met "ek sug en rol my oë" (p. 113).
10. Hoekom, dink jy, begin Kara nou uitsien na die matriekafskeid?

Aktiwiteit

Maak 'n lysie van die woorde wat nodig is om 'n matriekafskeidrok te beskryf. Kies dan vir Kara een van die onderstaande rokke wat by haar voorkoms, figuur en persoonlikheid sal pas en motiveer jou keuse.



Hoofstuk 13: iets wat presies reg pas

Vrae

1. Gee een woord vir “heuning om die mond smeer”.
2. Gee die standaardafrikaans vir
 - 2.1 daai (p. 118)
 - 2.2 meer eenvoudig (p. 118)
 - 2.3 besonder afskuwelik (p. 119)
 - 2.4 *vibe* (p. 120)
 - 2.5 *boobs* (p. 120)
 - 2.6 4x4 (p. 127)
3. Op p. 45 dink Kara: Haar naam voel vreemd op my tong, soos 'n spesery wat ek nie ken nie. Hoe skakel dit met haar en Sam se eerste soen?
4. Waarna verwys die hoofstuktitel dus?
5. Reina sê: “Wag tot jy jou pragtige meisiekind in dié rok sien, Mevrou!” Herskryf nou die volgende sin met die korrekte puntuasie: “Wag tot u u pragtige meisiekind in dié rok sien, mevrou immelman!”
6. Hoekom noem Sam die matriekafskeidkomitee “die slawekomitee”?

Aktiwiteit

Op p. 122 sê Kara sy voel soos die vrou wat die fakkel vashou in Columbia Pictures se logo. Kyk na die foto daarvan hier onder en bespreek dan hoe dit hier as metafoor dien.



Sedert Columbia Pictures se stigting in 1924 het 'n onbekende vrou op hul logo verskyn, maar in 1990 het Michael Deas opdrag ontvang om 'n nuwe skildery te maak. Die fotograaf Kathy Anderson het toe haar medewerker, Jenny Joseph, gevra om vir die foto te poseer. Kathy se woonstel in New Orleans is haastig in 'n foto-ateljee omskep en 'n laken is om Jenny, wat nooit voorheen of daarna so iets gedoen het nie, gedrapeer. Michael het toe die foto's gebruik om dié ikoniese skildery te skep.

Hoofstuk 14: Oor rooi en blou

Vrae

1. Dink jy "dyke" is 'n aanvaarbare term? Motiveer jou antwoord.
2. Wat laat die leser vermoed dat Julia Beetge die graffiti geveer het?
3. Hoekom is die "antha" in Samantha doodgetrek?
4. Waarvoor staan CSI (p. 133)?
5. Kara noem die skermgreep "Julia se Instagram-bom" (p. 134). Dink jy dit hou verband met haar opmerking: "Ek skuif agter my lessenaar in en maak my laptop oop met die konsentrasie van iemand wat 'n bom moet ontlont"? (p.113)
6. Benoem en verduidelik die beeldspraak in die sin: "Stilte vorm om ons soos 'n lugkokon." (p. 138)
7. Gee die Afrikaans vir
 - 7.1 *horror movie* (p. 140)
 - 7.2 *tissues* (p. 140)
 - 7.3 uit te *figure* (p. 142)
 - 7.4 *freak* (p. 143)
8. Ma se trooswoorde dat Sam haar nie aan skinderstories moet steur nie, skep dramatiese ironie. Verduidelik hierdie stelling.

Aktiwiteit

Skryf een van die volgende gesprekke in dialoogvorm:

- Kara vertel haar ma dat sy gay is.
- Karla konfronteer Julia oor die neerhalende graffiti.

Hoofstuk 15: Die mag van woorde

Vrae

1. Skryf Ma se vraag "En?" voluit, maar begin jou vraag met 'n vraagwoord.
2. Gee die Afrikaans vir
 - 2.1 Dit was *epic* (p. 147).
 - 2.2 dat Andries *gefired* is (p. 158)
3. Verduidelik die idioom: "Louise Immelman dra haar hart op haar mou." (p. 148)
4. Benoem en verduidelik die beeldspraak in die sin: "'n Dik rooi woedegordyn sak voor my." (p. 148)
5. Verduidelik wat "skynheilige tannies" (p. 149) is.
6. Wat sê die beskrywing "Sam is 'n Astro in 'n Smartieboks" van Sam?
7. Die gesprek tussen Kara en haar ma oor Sam se seksualiteit skep spanning by die leser. Verduidelik hierdie stelling.
8. Wat verteenwoordig 'n sigaar in die uitdrukking "*close-but-no-cigar-mense*" (p. 151)?
10. Skryf die afkorting DBV (p. 153) voluit.
11. Hoekom, dink jy, kyk Sam na Kara asof sy haar teleurgestel het?

Aktiwiteite

1. Skryf Samantha se toespraak oor diversiteit en aanvaarding en lewer dit voor die klas.
2. Meneer Smit vra Sam om 'n verslag te skryf oor die insident met Andries. Skryf nou hierdie verslag. Rig dit aan Die Skoolhoof, gebruik opskrifte en nommer die paragrawe.

Hoofstuk 16: Die bleddie broodbome

Vrae

1. Verduidelik die ironie in Ina van Wyk se woorde: "Niks het verander nie." (p. 161)
2. Benoem en verduidelik die stylfiguur in die sin: "Arme jy, jy't soveel probleme!" (p. 163)
3. Benoem en verduidelik die skryfteken in "Ou... kei" (p. 165).
4. Oom Sybie se woorde "Ons het baie om te vier" suggereer sukses. Wat wil hy alles vier?
5. Dink jy die hoofstuktitel is gepas?

Aktiwiteite

1. Ina van Wyk se terugkoms skep by Eduard eksterne en interne konflik. Motiveer hierdie stelling in 'n letterkundige opstel.
2. Ontwerp oom Sybie se advertensie om sy broodbome te verkoop.

Hoofstuk 17: Die sigaar

Vrae

1. Gee die Afrikaans vir
 - 1.1 *venue* (p. 167)
 - 1.2 *mocktails* (p. 168)

2. Dink jy Ma se antwoord op Kara se vraag oor wat sy sal doen as sy hoor haar kind is gay is 'n goeie teken?
3. Julia se rok is "uit 'n ander wêreld". Verduidelik die verskil tussen die letterlike en figuurlike betekenis van dié uitdrukking.
4. Dink jy dit is blote toeval dat die program waarna Pa en Eduard kyk se naam *Myth Busters* is?
5. Wat bedoel Ma as sy sê sy lyk soos "die hond se doilie" (p. 171)?
6. Wat bedoel Kara as sy sê: "Dis nooit te laat vir 'n lekker matriekafskeid nie." (p. 172)
7. Hoekom, dink jy, wil almal foto's van Kara in haar groen rok neem?
8. Alle sprokies het 'n gelukkige einde. Dink jy die volgende gebeure is geloofwaardig of geforseerd om 'n gelukkige einde te bewerkstellig?
 - 8.1 Sam, 'n nuweling, is gevra om die toespraak te lewer.
 - 8.2 Juffrou Enslin is gevra om die tafelgebed te doen.
 - 8.3 Bianca Adams is gevra om die stylvolste paartjie te kroon.
 - 8.4 Julia wen die stylvol-kompetisie.

Aktiwiteite

1. Dink weer oor *Myth Busters* en vergelyk dan die matriekafskeid met die sprokie van Aspoestertjie.
2. Ontwerp 'n uitnodiging en spyskaart vir die Hoërskool Lichtenburg se matriekafskeid.

Hoofstuk 18: Kring om die maan

Vrae

1. Haal 'n voorbeeld van 'n hiperbool op p. 179 aan.
2. Die fabriek lyk nou met 'n bietjie verbeelding soos 'n passasierskip. Hoe skakel dit met Kara se toekomsdrome?
3. 'n Kring om die maan word veroorsaak deur die weerspieëling van lig op yskristalle en dui aan dat stormweer of reën kom. Wat, dink jy, suggereer dit hier?
4. Vergelyk die inligting in hierdie hoofstuk met jou aanvanklike interpretasie van die boekomslag en heroorweeg dan jou interpretasie van die romantitel.
5. Die verhaal word in die teenwoordige tyd vertel. Hoekom, dink jy, dui die romantitel op die verlede tyd?

Aktiwiteite

1. Kyk na Edward Hopper se skildery "Nighthawks". Probeer vasstel wie die "nagvalke" is en hoe dit verband hou met Kara en haar maats se ondervinding by die vulstasie.



Edward Hopper het *Nighthawks* in 1942 geskilder. Volgens hom is dit geïnspireer deur 'n restaurant op 'n straathoek in Greenwich, New York. Hoewel hy ontken dat hy simbole van menslike isolasie en voorstedelike leegheid daarin wou plaas, erken hy dat dit dalk onbewustelik dui op eensaamheid in 'n groot stad. Volgens sommige kritici verteenwoordig dit ook die Amerikaanse paranoia ná die 1941-Pearl Harbour-aanval toe die vrees vir 'n tweede aanval, soos die *blackout drills* waaraan die stad onderwerp is, oor die stad gehang het.

2. Skryf 'n resensie oor *Toe ons oneindig was* as jeugroman – dit wil sê of tipiese tieners dit sal geniet en hoekom/(nie).

Antwoorde

Die voorblad

1. Aand of nag. Die lug is swart met spikkeltjies wat sterre voorstel.
2. 'n Rivier, dam of swemgat. Net die koppe en skouers van die mense steek uit. Hulle koppe vorm nie 'n skaduwee nie, maar iets soos 'n weerkaatsing op water. Daar is lang gras of riete op die wateroewer.
3. Hulle kyk na die gebou of die maan in die verte en lei die kyker se oog ook daarheen. Ons kan van hul haarstyle aflei dat dit een seun en twee meisies is. Hulle swem naak na aanleiding van die rok wat by die motor uithang en die kunstenaar wou dit nie op 'n tienerboek uitbeeld nie. Hulle gesigte is weggedraai sodat die leser self moet dink hoe hulle lyk en dit maak die karakters universeel.
4. Dalk 'n skool want die mense lyk jonk en die gebou het rye hoë venstertjies waaruit lig skyn. (Later blyk dit 'n fabriek te wees.)
5. Een of meer moet minstens agttien jaar oud wees aangesien hy of sy die motor bestuur het. Die seun se kort hare suggereer dat hy dalk nog op skool is.
6. Die kursiewe skrif lyk soos 'n skoolkind se handskrif.
7. Die weglating van 'n hoofletter en punt, die perspektief van lyne wat ver ontmoet en die maan wat klein voorgestel word.
8. Die koel blou en skoon wit laat die swart lug romanties pleks van dreigend lyk en suggereer onskuld, varsheid, jeugdigheid, ensovoorts.
9. Jongmense dink hul sal vir ewig leef / alles is moontlik, maar die woorde "toe" en "was" dui op die verlede tyd en suggereer dat daar wel 'n einde of verandering plaasgevind het.
10. Oop vraag.

Die titelblad

1. Zelda Bezuidenhout
2. Pan Macmillan. Johannesburg.
3. 2020
4. Bezuidenhout, Z. 2020. *Toe ons oneindig was*. Johannesburg: Pan Macmillan.

Die agterblad

1. Dit gee die leser 'n idee van waaroor die roman handel en prikkel sy nuuskierigheid sodat hy dit wil lees.
2. 'n Lokteks.

Die opdrag

IIIa. Dalk iemand wat die verhaal geïnspireer het. (In Arabies beteken IIIa "behalwe".)

Luistertoets:

1. Zambïë. (1)
2. Vrystaat. (1)
3. Vrystaat. (1)
4. AAA. (1)
5. 30 jaar. (1)
6. Kopie skryf. (1)

7. Om Israel te besoek. (1)
 8. Zeldse dogter. (1)
 9. 2017. (1)
 10. Sy het besef haar "handjies is rond". (1)
- [10 punte]

Die verhaalruimte			
Hoofstuk	Tyd	Plek	Atmosfeer
1.	Damduikers April Omstreeks 14:00-18:00	Damduikers Leë sementdam agter Van Stadens se erf Lichtenburg, Noordwes	Damduikers Bedruk, moedeloos want hul toekomsdrome gaan waarskynlik nie realiseer nie.
2.	Gelukkige gesinne 101 Aand: Halfsewe tot slapenstyd	Immelman-huis	Beskaafd. Immelmans verhef nie sommer hul stemme nie.
3.	Eduard se nuwe crush Skooldag. Oggend en middag.	Skool en motor	Opwinding oor nuwe skoolmeisie. Frustrasie oor oupa Thinus se gedrag.
4.	Engel met 'n tatoe Die volgende skooldag Pouse	Skoolterrein	Gespanne. Kara ervaar botsende emosies oor Sam.
5.	Meesters van verkenning Dieselfde dag ná skool	Leë dam	Hartseer oor verlore drome
6.	Miss Sun Air 1999 Dieselfde dag. Laatmiddag.	Immelman-huis	Informeel, gemoedelik
7.	Slegte tjommies <ul style="list-style-type: none"> • Twee dae voor die verlowingspartytjie (p. 58) • Een dag voor die partytjie (p. 59) • Die dag van die partytjie. Pouse (p. 63). 	<ul style="list-style-type: none"> • Immelman-huis • Immelman-huis • Skoolvierkant 	<ul style="list-style-type: none"> • Gejaagd, bekommerd • Stresvol, gespanne • Jaloers, agterdogtig
8.	Die nuwe vrou Die aand van die partytjie (waarskynlik Vrydagaand)	De Beers se plaasskuur	Bedrywig, nostalgies
9.	Krismis in April Maandag ná die partytjie <ul style="list-style-type: none"> • oggend • middag 	<ul style="list-style-type: none"> • Skool • Krismishuis en leë dam 	<ul style="list-style-type: none"> • Agterdogtig • Opstandig, intiem
10.	Die kontras tussen drome en werklikheid Maandagaand	Kara se slaapkamer	Twyfel, identiteitskrisis, skaamte

11.	Die vloek van Beyoncé • Dinsdagoggend • middag	• Kara se slaapkamer • Skool • Skoolswembad- kleedkamer	• Skok, erkenning • Gesellig, vrolik • Vyandig, agterdogwekkend
12.	Die coolste couple by die dans 'n Paar dae later (Donderdag) • Middag • Aand	• Leë dam • Immelman-huis	• Opwinding • Moedeloos oor rok
13.	Iets wat presies reg pas Die volgende dag (Vrydag)	Bridal & Bling-boetiek	Opwinding, fisiese aangetrokkenheid
14.	Oor rooi en blou • Saterdag • Sondag	• Bushalte oorkant Spar • Immelman-woning	• Skok, woede • Deernis
15.	Die mag van woorde Waarskynlik Maandagmiddag	• Immelman-huis • Leë dam • Krismishuis	• Verontwaardiging • Bekommerd • Ontsteld, bitter, troostend
16.	Die bleddie broodbome 'n Paar midde later	• Huurmotor • Van Wyk-huis	• Opwinding • Nostalgie
17.	Die sigaar Matriekafskeidaand (Mei)	• Immelman-huis • Gastehuis	• Opwinding • Feestelik
18.	Kring om die maan Ná die matriekafskeid	Dorpsdam	Liefdevol, gelukkig

Hoofstuk	Verhaalgebeure
1 p. 5-8	Damduikers Kara en Eduard sit in hul wegkruipplek, 'n leë sementdam agter die Van Stadens se erf. Eduard vertel hoe sy oupa se teenwoordigheid sy pa affekteer en hulle bespreek hul toekomsplanne wat dalk verydel kan word.
2 p. 9-19	Gelukkige gesinne 101 Kara kom net voor halfsewe tuis. Ma maak bobotie en Pa kyk televisie. Albei ouers is besorg oor haar omdat sy nie haar voorkoms versorg nie en nog nie 'n maat vir die matriekafskeid het nie. Kara het nie meisievriende nie en wil dalk nie matriekafskeid toe gaan nie. Ná aandete bad sy lank en studeer dan.
3 p. 20-32	Eduard se nuwe crush Samantha, 'n nuwe graadelfmeisie, sluit in April by die skool aan en Eduard is smoorverlief. Hulle laai haar ná skool by die Krismishuis af. Kara en Eduard werk ná skool by sy huis aan 'n taak. Oupa Thinus het die mure met pasteivulsel besmeer en pa Sybie gaan versorg sy broodbome terwyl die kinders oupa Thinus se gemors skoonmaak.
4 p. 33-36	Engel met 'n tatoe Die volgende dag kom sit Samantha tydens pouse ongenooid by Kara en Eduard. Kara merk die tatoe op Samantha se linkerpols op, wat lei tot 'n gesprek oor haar naam, wat "verken" beteken, en Eduard se uitnodiging na die leë dam.

5 p. 37-51	<p>Meesters van verkenning Kara, Eduard en Samantha gesels en drink warm sjokolade in die leë dam. Hulle verduidelik wat die kaart en kruisies teen die damwal beteken en Sam vertel hoe sy saam met haar ma wêreldwyd gereis het en uiteindelik in Lichtenburg beland het. Hulle besef haar aunty Mave woon in die Krismishuis. Hulle stap saam met Sam huis toe en ontmoet aunty Mave in haar huis vol tierlantyntjies.</p>
6 p. 52-57	<p>Miss Sun Air 1999 Laatmiddag daag Sam se ma by die Immelman-huis op. Ma Louise stel haar aan om te help met die De Beers se verlowingspartytjie. Sam stuur 'n selfoonboodskap om weer te vra of Kara en Eduard "saam" is.</p>
7 p. 58-66	<p>Slegte tjomnies</p> <ul style="list-style-type: none"> • Twee dae voor Nicola de Beer se verlowingspartytjie help Kara haar ma met voorbereidings. Ma is gespanne en spyt dat sy die taak aanvaar het. • Een dag voor die partytjie ontaard Ma in 'n kombuisheks. Hulle bespreek Samantha en haar ma. Ma is agterdogtig oor Sam en Kara verdedig haar. Kara besluit om tóg matriekafskied toe te gaan toe sy uitvind Ma het hare misgeloop. • Op die dag van die partytjie sit Kara, Eduard en Sam tydens pouse in die vierkant. Kara stel voor dat Eduard om 'n dramabeurs aansoek doen. Sy laat blyk ook dat sy aan 'n aandklokkeël onderhewig is omdat sy en slegte maats "aangejaag" het. Kara begin dink haar ma se mening oor Sam is dalk reg.
8 p. 67-73	<p>Die nuwe vrou Kara en Bianca Adams help by die verlowingspartytjie in die De Beers se plaasskuur terwyl Eduard en Sam Netflix by sy huis kyk. Bianca smeer granaatrooi lipstiffie aan Kara se mond. Later sit Bianca buite en rook en Kara sit langs haar. Sy sien Bianca huil en sê sy is 'n "survival-weergawe" van haarself. Bianca vertel Kara van die aand toe sy as Miss Sun Air gekroon is. Ma is beïndruk met Bianca. Kara kry geen boodskappe van haar vriende nie.</p>
9 p. 74-85	<p>Krismis in April Maandagoggend sê Eduard niks oor die Netflix-aand nie maar hy erken later dat Sam nie naby hom wou sit nie. Kara gaan haal Sam om na die leë dam te gaan, maar moet wag terwyl sy haar kamer opruim. Bianca storm in met haar pers Miss Sun Air-lint, 'n struweling ontstaan en die lint raak aan die brand. Eduard laat weet hy kan nie meer kom nie, en die meisies gaan alleen na die dam. Daar gesels hulle oor hulle verhouding met hul ma's en Bianca se weersin in Sam se vriendin Amanda omdat hulle te "close" was.</p>
10 p. 86-90	<p>Die kontras tussen drome en werklikheid Kara lê op haar bed en vergelyk haar kamer met Sam s'n. Sy wonder vir die eerste keer of sy dalk gay is en besef dan dat sy verlief is op Sam, maar niemand mag ooit weet nie.</p>
11 p. 91-102	<p>Die vloek van Beyoncé Kara word wakker en besef sy het die vorige aand 'n belangrike kopskuif gemaak: Sy is gay en verlief op Sam. By die skool sê Sam die onderhoofseun, Ian Botha, het haar na die matriekafskied genooi maar sy het dit nie aanvaar nie. Sy is vir die skool se redenaarspan gekies. Ná skool is die laaste swemgala teen Klerksdorp. Eduard en Sam help met die verversings. Met Sam as toeskouer verbeter Kara haar eie rekord in die vlinderslag. In die kleedkamer waarsku een van die gasswemmers Kara dat Sam hulle skool verlaat het weens 'n verhouding met 'n meisie.</p>
12 p. 103-116	<p>Die coolste couple by die dans Sam is besig met redenaars en matriekafskiedreëlings vir einde Mei. Andries sê daar is die vorige aand by die skoolkantoor ingebreek, hy het hul betrap en 'n ligte besering opgedoen. Eduard nooi Kara op Sam se aandrang na die matriekafskied. Sam sê sy het die provinsiale ronde in redenaars gewen. Ma het die kontrak gekry om die kos vir die matriekafskied te maak. Andries kom saam met Ma planne maak vir die matriekafskied en laai Francois se vistenk op. Kara beplan om saam met Sam na 'n rok te gaan soek.</p>

13 p. 117-127	Iets wat presies reg pas Kara en Sam gaan na Bridal & Bling. Kara voel vir die eerste keer mooi in 'n tweedehandse mosgroen rok. Sam vertel Kara hoe mooi sy is en soen haar. Ma daag op en ontmoet Sam. Hulle besluit om die rok te huur. Sam het ook iets laat maak, maar dit bly 'n geheim.
14 p. 128-145	Oor rooi en blou Saterdagoggend stuur Eduard aan Kara 'n skermgreep wat Julia op Instagram geplaas het. Dit wys graffiti wat lui: "Samantha Adams is 'n dyke." Oom Sybie neem Kara en Eduard om dit toe te verf. Daarna gaan hulle na Sam se huis, maar sy wil niemand sien nie. Sondag kom Bianca na Ma om matriekafskeidreëlings te tref en Sam kom saam. Sy en Kara gesels openhartig oor hul seksualiteit. Sam sê sy is biseksueel en Kara sê sy is gay.
15 p. 146-159	Die mag van woorde Kara en haar ma bespreek Sam se toespraak oor diversiteit en aanvaarding genaamd Reën. Ma sê tannie Lida Beetge, Julia se ma, sê juffrou Enslin is gay en sy en Sam het 'n verhouding. Kara storm woedend uit en reël 'n ontmoeting met Eduard by die dam. Sam ignoreer hul boodskappe en Kara ry met Eduard se fiets daarheen. Sam sê sy en juffrou Enslin was in die hoof se kantoor en die juffrou wou sommer bedank. Kara onthou sy het rooi en geel spuitkannetjies in Andries se bakkie gesien en besef dit was hy wat die graffiti op die bushalte geverf het. Sam vertel Andries het haar ná die gala opgelaai huis toe, maar haar probeer bevoel en toe het sy hom in sy mik geskop. Sy storie oor die inbrekers was dus 'n leuen om sy kreupelstappie te verduidelik. Sy het die hoof vertel en Andries is afgedank. Kara sê sy glo haar en hulle hou mekaar vas asof hul lewens daarvan afhang.
16 p. 160-166	Die bleddie broodbome Eduard se ma, Ina, verras hom deur hom in 'n spoggerige BMW-huurmotor by die skool op te laai. Eduard laat weet Kara dat sy ouers gaan skei want sy ma het 'n ryk man in Saoedi ontmoet. Sy bly in 'n gastehuis en gee vir Eduard duur geskenke. Oupa Thinus gaan na 'n tehuis se Alzheimer-afdeling. Oom Sybie verkoop al sy broodbome aan 'n versamelaar om vir Eduard se vlieglesse te betaal. Kara en Sam eet vir oulaas <i>garage pies</i> saam met Eduard, sy pa en oupa.
17 p. 167-178	Die sigaar Die matriekafskeid breek aan en Ma help Kara aantrek. Kara vra wat Ma sal doen as sy of Francois sê hulle is gay, maar Ma sê 'n mens kan nie vooraf jou reaksie bepaal nie. Eduard gee vir haar 'n bloedrooi polsruiker. Hulle neem foto's en ry dan met oupa Thinus se Ford Fairlane. Die geselligheid is in 'n gastehuis en die tema is "Blou is vir onthou". Sam maak die verwelkomingstoespraak en kondig ná ete aan dat die stylvolste paartjie deur 'n skoonheidskoningin gekroon word: Bianca Adams in 'n rooi rok met haar kroon op. Sam hang 'n nuwe band om haar ma met die woorde "Beste ma ter wêreld" daarop. Julia en James wen die prys. Daarna nooi Kara en Eduard vir Sam om saam met hulle in die Ford rond te ry.
18 p. 179-184	Kring om die maan Kara, Eduard en Sam koop warm sjokolade en bespreek die matriekafskeid. Terwyl Sam toilet toe gaan, vertel Kara vir Eduard dat Sam biseksueel is en hy besef sy stel steeds nie romanties in hom belang nie. Hulle ry na die dorpsdam om te gaan swem. Hul spring in hul onderklere in die koue water en bondel saam vir warmte. Dan sien hulle 'n kring om die maan. en Kara interpreteer dit as 'n teken dat hulle gaan oukei wees. Sy assosieer hierdie oomblik met 'n toneel uit <i>The perks of being a wallflower</i> waar Charlie sê: "In that moment, I swear, we were infinite" en besef hulle is op hierdie oomblik oneindig.

Karakters			
Die Immelmans			
<p>Kara 18 jaar, matriek. Donkerblonde, hoë poniestert, groen oë, groot mond. Praat min. Mooi lyf. Tomboy. Dra sakkerige klere. Geen rokke in haar kas nie. Gebrek aan modekennis. Versorg nie haar voorkoms nie. Kaptein van swemspan. Noordwes-kleure in swem. Vlinderslag sterkste item. Oefen soggens 05:00. Kan dalk swembeurs kry. Bruin belt in karate, opgehou voor swart belt. Geen meisiemaats. Nog nooit verlief nie en rook nie. Droom van 'n jaar in Europa, veral Skotland. Deel fliëk-obsessie met Eduard. Ma se sentimentele kind. Miss Goody Two Shoes. Wil nie au pair nie want hou nie van kindertjies nie. Besef sy is gay (p. 88) en verlief op Sam. Foonalarm speel "Staying Alive".</p>	<p>Ma Louise Ongeveer 48 jaar oud (30 jaar ná matriek). Eie spyseniers-besigheid. Werk soms tot lank na middernag vir groot funksies. Kry koskontrak vir matriekafskeid. Eduard sê sy kán nogal gesels.</p>	<p>Pa Willem Amper bles. Hoof van laboratorium by groot fabriek buite die dorp. Geen vriende, tropdier.</p>	<p>Broer Francois 23 jaar. Studeer in Amerika by Massachusetts Institute of Technology. Noem Kara "Karretjies". Andries noem hom Franna. Het vanaf 11 jaar visse in tenk gehou.</p>
		<p>Snuffels Dooie hamster wie se skelet Kara opgegrawe het en nou in Maizena-boks onder haar bed hou.</p>	<p>Chewbacca Straatbrakkie, stekelrige kop. Vernoem na 'n fiktiewe Wookiee-karakter in Star Wars-fliëks. Naam afgelei van Russiese "sobaka", wat "hond" beteken.</p>

Die Van Wyks			
<p>Eduard 18 jaar, matriek. Laggende bruin oë met goue vlokies. Raak dikwels verlief. Eet Tic Tac. Wou vlieënier word, maar Wiskundepunte te swak. Plan B: werk in Saoedi as vensterwasser en skoonmaker en spaar geld vir reis.</p>	<p>Ma Ina Verpleegsuster. Werk in Saoedi-Arabië. Stuur geld huis toe. Arriveer onverwags vir die matriekafskeid. Nuwe, ryk kêrel in Saoedi ontmoet, bestee maklik geld. Kort bob-haarstyl. Skei van oom Sybie.</p>	<p>Pa Sybie Werk twee jaar vantevore verloor. Raak stiller as Oupa babbel. Werk in die tuin. Kweek broodbome. Ry met 'n Hilux. Verkoop broodbome om vir Eduard se vlieglesse te betaal.</p>	<p>Oupa Thinus Ysblou oë. Ly aan Alzheimer-siekte. Was in ouetehuis. Dink water is koffie vir Francois.</p>
			<p>Katte</p>

Die Adamse		
<p>Samantha (“verken”) Nuwe meisie in graad 11. Blinkbruin hare, pikswart oë, geboogde wenkbroue, dik swart vlegsels, gloeiende ligbruin vel. Lang bene, tatoe van ’n driehoek met strepie deur op linkerpols. Woon in Krismishuis. Hou nie van klein kindertjies nie. Wil aktrise word. Erf ouma se geld op 18, kan dan in Amerika afrigting kry. Neem kuns as vak. Mag nie ná donker by vriende kuier nie weens misstap in die verlede. Weet nie wie haar pa is nie. Slordige kamer met pienk driehoek teen bedstyl en prente van meisies met tatoes teen die mure. Eerste in graad by vorige skool. Word gekies vir redenaarskompetisie.</p>	<p>Ma Bianca Ghoema-hare. “Big hair”, swaar grimering, rook. Voorheen lugwaardin en Miss Sun Air. Ryk ou op vliegtuig ontmoet, werk gelos, sou in Amerika gaan bly, maar hy was toe getroud. Praat net oor haar blink verlede. Kom van die Noord-Kaap. Kan nie swem nie. Glo sy was “made to shine”. Op 21 tydens ’n kort verhouding swanger geraak met Sam.</p>	<p>Aunty Mave Superweird, Krismishuis vol ornamente en kaggelkakkies. Lyk soos China Mall. African Grey-papegaai in ’n kou.</p>

Randfigure			
Kinders		Volwassenes	
Ian Botha	Onderhoofseun. Vra Sam voorlopig na matriekafskeid. Arrogant. Tipiese jock.	Meneer Brits	Skoolhoof
		Juffrou Riëtte Enslin	Afrikaansonderwyser. Skryf Sam in vir redenaarskompetisie.
Amanda	Sam se Klerksdorp-vriendin wat te “close” geraak het	Juffrou Kriel	Kunsonderwyser
Steve	Sam se Klerksdorp-vriend wat dagga rook en dig	Coach Alice	Beeldskone laerskool-swemafrigter
Mona le Roux	Meisie wat Eduard in graad 10 gesoen het en wie se mond na agurkies gesmaak het	Coach Elnette	Hoërskool-swemafrigter
James Alrode	Julia Beetge se maat vir die matriekafskeid	Reina Roux	Borreleend. In haar twintigs. Oom Stef Roux se dogter wat ongelooflike aandrokke maak en Bridal & Bling besit.
Julia Beetge	Tweede beste in swem en redenaars. Matriekafskeidrok uit Milaan. Mej. Stylvol.	Tannie Lida Beetge	Julia se ma. Skinder oor Sam en juffrou Enslin en gaan spreek die skoolhoof.
Andries Venter	Francois se skoolvriend. Blou oë, gespierd. Werk ná skool by tuindienste en nou skoolnutsman. Woon op skoolterrein en oefen in gim. Het gewoonlik sy hond by hom. Noem Kara “Karretjies”.	Nicola de Beer	Hou verlowingspartytjie in plaasskuur.

Hoofstuk 1: Damduikers

1. Kara.
2. Ek-verteller / eerstepersoonsverteller / binneverteller.
3. Eduard se huislike omstandighede vandat sy oupa by hulle kom woon het.
4. Eenhoring.
5. Ons assosieer eenhorings met fantasie en feëverhale. Op die beker het dit 'n kru verwysing en word dit 'n metafoor vir die realiteit van oud word, naamlik die aftakeling van die liggaam en verstand.
6. Sy mis haar broer en voel oor die hemp soos 'n baba oor 'n trooskombersie. Die hemp is deurgewas, wat insinueer dat sy dit baie dikwels aantrek.
7. Hulle kruip saam weg, luister na mekaar se probleme en droom saam oor die toekoms
8. Eduard wou 'n vlieënier word en veral Suid-Amerika verken, maar het te swak in Wiskunde gevaar en moes oorslaan na Wiskundige Geletterdheid. Kara wou 'n oorbruggingsjaar (*gap year* of sabbatsjaar) in Europa, en veral Skotland (wat na regte in Groot-Brittanje geleë is), deurbring, maar haar ouers sal dalk vir Francois se studie moet betaal indien hy nie 'n beurs kry nie en sal dus nie kan bekostig om die helfte van haar onkoste te betaal nie.
9. Loods (nié piloot nie).
10. Agter die Van Stadens se erf in 'n dorpie naby Johannesburg. Eduard verwys na hul "dorpie" en dat hulle sukkel om in Johannesburg te kom vir 'n fliëk. (Die leser hoor eers later dat dit Lichtenburg is.)
11. Laatsomer / vroeë herfs. Dit is April en Kara dra haar broer se T-hemp.
12. Vandat die skool uitgekom het (Kara tel haar rugsak op wanneer hulle loop) tot tien minute voor donker – dus ongeveer vier uur.
13. Dit word gewoonlik as 'n beledigende term gebruik vir mense wat swak opgevoed is. Hier impliseer dit dat Kara met haarself en Eduard as onsuksesvolle verloorders spot.
14. Die leë dam is 'n metafoor vir hul uitsigloosheid en verlore drome en die opening simboliseer dan 'n moontlike uitweg of nuwe hoop op 'n beter toekoms.

Hoofstuk 2: Gelukkige gesinne 101

1. Personifikasie. Die menslike eienskap (dans) word aan die nie-menslike voorwerp (die deksel) toegeken.
2. Haar ma sê die dam is onveilig.
3. Hul het min vriende en is nie tropdiere nie.
4. Meisies praat oor dinge waarin sy nie belangstel nie, soos hul voorkoms en verliefdheid op seuns.
5. Sy het opgehou 'n vlak voordat sy die swart gordel sou verwerf en haar ouers beskou dit as 'n gebrek aan deursettingsvermoë.
6. 'n Meisie wat seunsaktiwiteite geniet.
7. Metafoor. 'n Vliegtuig op *autopilot* vlieg outomaties op 'n voorafbepaalde roete. Pa bedoel dus dat Kara doelgerig is en nie bestuur hoef te word nie.
8. Sy dink sy het 'n algemene, onmerkwaardige gesig.
9. Sy kyk in 'n spieël en beskryf haarself.
10. Op die oppervlak lyk die Immelmans soos 'n normale, gelukkige gesin, nes 101 ander gelukkige gesinne. Of dalk beeld dit haar ouers aan weerskante uit met haarself in die middel as 'n nul of onbelangrike/misverstaande persoon. 101 dui gewoonlik op 'n basiese of beginnerkursus.

Hoofstuk 3: Eduard se nuwe crush

- 1.1 verliefdheid
- 1.2 eintlik / inderwaarheid
- 1.3 onderhoud
- 1.4 spykerhakke
- 1.5 bekruip
- 1.6 geniaal
- 1.7 saamrygeleentheid
2. Sy verbind borshare met manlikheid en impliseer dus dat Eduard nog nie 'n ware of volwasse man is nie.
3. Liefde met die eerste oogopslag.
4. Vergelyking. Twee eienskappe van Uber-bestuurders kan hier ter sprake wees, naamlik hoflikheid en gerieflike vervoer. Eduard besorg Samantha dus behulpsaam by haar bestemming en groet oordrewe hoflik.
5. Katte is dikwels bakleierig. Dus geniepsigheid, venyn, vyandigheid, ensovoorts.
6. Vuurpyle en maantuie word gelanseer. Hy skimp dus dat dit die begin van 'n heerlike reis of lighoofdige verliefdheid kan wees.
7. Pasteie wat by vulstasiewinkels verkoop word.
8. Ja, die reis het toe nie na die hemelruim gelei nie, maar na die realiteit van 'n afwesige ma, bedrukte pa en 'n oupa met Alzheimer se siekte.
9. Ja. Hul huis is neerdrukkend en die teenoorgestelde van Kersfeesgeluk en –liefde.

Hoofstuk 4: Engel met 'n tatoe

1. Sy was waarskynlik in verskeie skole en voel dalk skaam daarvoor. (Ons lees egter later op p. 39 dat sy reeds die wêreld vol gereis het.) Haar geheimsinnigheid skep spanning.
2. Hiërogliewe of prentskrif. Die antieke Egiptenare.
3. Kara dink Sam is mooi en eksoties en gee om wat sy van háár dink. Daarteenoor voel sy jaloers omdat Eduard nie net verlief is nie, maar haar in hul saam wees en wegkruipplek binnenooi.
- 4.1 Beletselteken.
- 4.2 “Is Eduard jou kêrel? Ek bedoel, is jy en Eduard 'n paartjie?”
- 4.3 Sy dink dalk dit sal vrypostig wees of dit is haar tegniek om Kara te dwing om hul verhouding te benoem.
5. Sy besef haar jeugvriendskap met Eduard gaan verander omdat Samantha hul wegkruipplek en vriendskap gaan binnedring en verander.
6. 4 nm. en 16:00. Vieruur namiddag en sestien uur (nie sestienhonderd uur nie).

Hoofstuk 5: Meesters van verkenning

1. Sam is nie meer 'n dogtertjie nie en hy is nog te onervare om dit te hanteer.
2. “Eduard is toe nie so naïef / maklik manipuleerbaar soos wat sy waarskynlik gedink het nie.”
3. Hulle is nie tropdiere nie en dink bendes is kinderagtig.
4. “En daar sien *nog* 'n fairy tale sy gat.”
5. Nee, dit is kru.
- 6.1 toneelafrigter / regisseur
- 6.2 sjokoladekoek
- 6.3 geheime bestanddeel
- 6.4 aartappelskyfies
- 6.5 werklik (hier bedoel as “genotvol”)

Aktiwiteite

Metode:

Voorverhit oond tot 180 °C.

Voer 2 x 20 cm-panne met bakpapier uit en spuit met kleefvrye sproei .

Sif droë bestanddele saam en hou eenkant.

Klits eiers, suiker en vanieljegeursel saam tot lig en romerig.

Meng die mayonnaise en koffie tot glad.

Meng die koffie-mayonnaisemengsel en die droë bestanddele om die beurt by die eiermengsel in om 'n gladde beslag te vorm.

Skep die beslag in die panne en bak vir ongeveer 35 minute of tot toetspen skoon uitkom.

Laat die koeke in die panne afkoel voordat jy dit versier.

Ganache:

Smelt die sjokoladablokkies in glasbak oor kastrol met kokende water.

Verhit intussen so 100 ml van die room tot kookpunt in mikrogolf.

Meng die room by tot satynglad.

Sit die eerste laag koek op opdienbord en gooi die effens afgekoelde ganache oor sodat dit effens afdrup aan die kante. Sit die tweede laag koek bo-op en doen dieselfde.

Hoofstuk 6: Miss Sun Air 1999

1. Bianca Adams.
2. Sy stem saam met die mening en keur dit goed.
3. Op die Kaapse Vlakte. Dit suggereer dat Bianca bruin is. Sy dink wat Kara gesê het, is oulik.
4. Hou asseblief 'n ogie op haar.
5. Jy is tweede beste / tweede keuse / nie die belangrikste persoon nie.

Hoofstuk 7: Slegte tjommies

1. Eufories 2. spyt 3. besete
2. Spanning.
3. Onomatopoeë / klanknabootsing. Die woord boots die kraakgeluid van 'n blaasvlam op suiker na.
4. Sy besef haar ma het nie háár matriekafskied bygewoon nie. (Volgens Ma is sy nooit gevra nie.)
5. Sy is 'n *tomboy* en het nie 'n maat om haar te vergesel nie.
6. Ek hoop sy kom reg / kry dit reg / kan dit behartig.
7. Na die verkeerde maats saam met wie Samantha verkeerde dinge gedoen het.
8. Ja. "Maats" is neutraal. "Tjommies" is straattaal en word dikwels met straatbendes verbind. Hier suggereer dit "slegte maats".

Hoofstuk 8: Die nuwe vrou

1. Hulle kyk Netflix by Eduard se huis. Kara vermoed hulle vry dalk of doen iets ongewens.
2. Vergelyking. Kwik kan nie maklik vasgevang word nie, dus beweeg sy blisvinnig en ligvoets.
3. 'n Dwarrelwind wat vinnig in die rondte draai.
4. Die kitskosrestourant MacDonald's se reklame-hanswors met bloedrooi hare en groot rooi mond.
5. Sy het uit haar werk bedank ter wille van 'n man wat toe nie met haar kon trou nie. (Waarskynlik het Sam se "aanjaag" ook iets daarmee te doen.)

6. Bianca was in 1999 Miss Sun Air. Sy het matriek geslaag, dus moes sy toe minstens 18 jaar oud wees. Intussen is Sam gebore, wat nou in graad 11 is – dus ongeveer 17 jaar oud. Dit bring ons by omstreeks 2016 – dieselfde jaar waarin Netflix na Suid-Afrika gekom het. Tel daarby nege maande swangerskap en die feit dat die Immelmans waarskynlik nie onmiddellik Netflix gekry het nie, dus omstreeks 2018.
7. Poignant. Sy is trots op die skoonheidstitel, maar terselfdertyd hartseer dat haar hartsmense nie die oomblik kon deel nie.
8. Ek is bestem om te sprinkel / presteer. Dit is ironies want hier sit sy nou as tydelike kelnerin op 'n plattelandse dorp waar niemand haar ken nie.
9. Klante / kliënte. (Klante koop voorwerpe en kliënte koop 'n diens, maar deesdae word dit as wisselvorms aanvaar.)

Hoofstuk 9: Krismis in April

1. Bianca se sigaretkooltjie het in die aandlug gegloei soos 'n verdwaalde Krismisliggie in April (p. 69).
2. Hy is verleë en wil nie opkyk nie.
3. “Brou” beteken om te knoei / iets slegs te maak. Haar oë wys dus dat sy reeds kwaad is en nie kwaad *word* nie.
4. Bedorwe brokkie
5. Nee, Sam voel afgeskeep en misverstaan want Bianca leef in die verlede en praat net oor haarself. Sy verstaan nie dat Sam 'n identiteitskrisis beleef nie.
6. Bianca voel skuldig omdat sy nie vir Sam 'n pa kon gee nie. Sam voel skuldig omdat sy dink sy het haar ma se potensiële huweliksmaats afgeskrik.
7. Ja, Sam woon in die Krismishuis waar die atmosfeer allesbehalwe die liefdevolheid van Kersfees weerspieël. / Nee, Sam en Kara se vriendskap neig na iets diepers en dit laat Kara breed glimlag.

Hoofstuk 10: Die kontras tussen drome en werklikheid

1. Vlinders.
2. Metafoor. Niemandslaan is 'n afgebakende neutrale terrein tussen twee oorlogvoerende partye. Dus impliseer Kara dat die kamer nie soos Sam s'n haar ware identiteit en persoonlikheid weerspieël nie en dat sy dit neutraal probeer hou sodat sy en Ma nie daarvoor baklei nie.
3. Konserwatief, omdat sy blykbaar preuts is.
4. Pandora se boksie wat sy nie mog oopmaak nie, omdat dit die sonde sou uitlaat. By implikasie beskou Kara gay wees dus as sonde.
5. 'n Lesbiër is lesbies.
6. Innerlike konflik is die botsing van begeertes of drange. Kara is bang om te erken dat sy gay is omdat sy weet haar ouers sal die “horriepep” kry as hulle dit uitvind aangesien hulle dit as “abnormaal” beskou. Daarteenoor is sy verlig om te weet waarom sy niks vir Eduard voel nie, maar wel iets vir Sam.
7. Die naam beteken “dorp van lig”, maar die konserwatiewe gemeenskap is allesbehalwe verlig.

Hoofstuk 11: Die vloek van Beyoncé

1. Kara verbeel haar Beyoncé sê vir haar sy is gay.
2. Die woorde word afgemete gesê as onweerlegbare stelling.
 - 3.1 oulik
 - 3.2 afspraak

- 3.3 ou
- 3.4 studeer
- 3.5 kolwyntjies
- 4.1 arrogant
- 4.2 littekens
- 4.3 gemors
- 4.4 gespanne
- 5. Onomatopoe.
- 6. Sam het haar pers satynband per ongeluk met die kers gebrand (p. 96).
- 7. Doopnaam is die naam op jou geboortesertifikaat, byvoorbeeld Isabella. Noemnaam is wat jy genoem word, byvoorbeeld Bella. Bynaam word aan jou toegeken volgens 'n kenmerk, byvoorbeeld Bella Bakore. Troetelnaam is 'n liefderike naam wat aan jou toegeken word, byvoorbeeld Bella Bokkie.
- 8. Ja, sy het waarskynlik kleintyd liever met karretjies as met poppe gespeel. Dus 'n vooruitskaduwing van haar gender-identiteit.
- 9. Sy het geweet die Klerksdorpers gaan vir Kara vertel dat sy gay is en sy weet nog nie dat Kara dieselfde oor haar voel nie.

Hoofstuk 12: Die coolste couple by die dans

- 1.1 oulikste / stylvolste / treffendste paartjie
- 1.2 druk
- 1.3 geselle / maats
- 1.4 Tot u diens
- 1.5 vier
- 1.6 vertoonkamer
- 1.7 skootrekenaar
- 2. Sy is bang dit is skindernuus en dat dit hul vriendskap kan bederf.
- 3. Sy is bang haar gevoelens vir Sam raak sig- of voelbaar.
- 4. Sam se ma was 'n skoonheidskoningin, maar Sam is 'n intellektuele presteerder. Die naam wek dus die verkeerde konnotasies.
- 5. Pragtige / asemrowende / betowerende / uitsonderlike.
- 6. Sy weet haar ma verwag baie meer van die afskeid as syself, wat lusteloos en teësinnig daarvoor voel.
- 7. Hulle van is Immelman en Andries verander dit spelenderwys na Immelvroue omdat hy met twee vroue praat.
- 8. Vergelyking. Iemand wat 'n bom ontlont, sal uiters versigtig te werk gaan om dit skadeloos te stel omdat dit gevaarlik is en kan ontplof. Net so is die soektog na 'n rok vir Kara 'n onbekende en gevaarlike terrein.
- 9. Irritasie.
- 10. Sy sien uit na die roksoekery saam met Sam en ook omdat Sam die aand as kelnerin gaan bywoon.

Hoofstuk 13: Iets wat presies reg pas

- 1. Vlei
- 2.1 daardie
- 2.2 eenvoudiger
- 2.3 skreeulelik
- 2.4 gevoel / atmosfeer
- 2.5 borste

- 2.6 viertrekvoertuig
3. Kara ondervind dieselfde aangename nuwigheid en opwinding met die soen as met vreemde speserye.
4. Die groen rok én die soen wat “eenhonderd persent presies reg” voel
5. “Wag tot u u pragtige meisiekind in dié rok sien, mevrou Immelman!”
6. Want hulle moet die matrieks bedien en hard werk.

Hoofstuk 14: Oor rooi en blou

1. Nee, dit is ’n skeldnaam omdat dit met mannetjiesagtige, aggressiewe lesbiërs geassosieer word. / Ja, sommige lesbiërs het die woord teruggeëis en dra dit met trots.
2. Sy ry nie bus nie en het dus nie ’n rede gehad om die graffiti op die bushalte te sien nie. Sy is jaloers op Sam omdat sy nuut, mooi en ’n goeie redenaar is en ook omdat Ian Botha, op wie sy verlief is, vir Sam ogies maak.
3. Sam is ’n seunsnaam.
4. Crime Scene Investigation (’n Amerikaanse televisiereeks).
5. Ja, albei situasies is plofbaar en kan ontstellende gevolge hê – die *laptop*-bom was die soektog na ’n rok, wat gelei het tot die soen in die kleedkamer.
6. Vergelyking. ’n Kokon omhul en beskerm ’n insek terwyl hy metamorfoseer. Die stilte omhul die twee meisies wat besig is om verandering te ondergaan.
- 7.1 riller
- 7.2 sneesdoekies / snesies
- 7.3 uit te plus
- 7.4 frats
8. Die leser weet reeds dat Kara gay is en voorsien dat Ma dit nie bloot as skinderpraatjies sal afmaak nie.

Hoofstuk 15: Die mag van woorde

1. “Hoe het dit toe met Sam se redenaarstoespraak gegaan?”/ “Wat het vandag by die skool gebeur?”
- 2.1 Dit was groots / wonderlik / skouspelagtig / fantasties / simbolies / oorweldigend.
- 2.2 afgedank is
3. Sy praat maklik en openhartig oor haar gevoelens. / Sy sê wat sy dink.
4. Metafoor. Die “rooi woedegordyn” verskyn voor haar soos ’n rooi doek voor ’n bul in ’n stiergeveg. Die raakpunt of tertium is die oorheersende woede en drang om te storm of vernietig.
5. Tannies wat hulle vroom of heilig hou, maar nie werklik so voorbeeldig is nie omdat hulle skinder.
6. Sy is anders as die ander, sy pas nie in ’n boks nie, en sy is groter en talentvoller as hulle.
7. Die leser weet dat Kara gay is en wag gespanne dat Ma dit moet uitvind.
8. Die sigaar word aan ’n wenner gegee, soos byvoorbeeld aan ’n nuwe pa wanneer sy baba gebore word.
9. Dierbeskermingsvereniging.
10. Omdat Kara gesê het sy kan nie glo Andries het gedoen wat Sam sê nie. Kara het dit egter as ’n uitroep van verontwaardiging gesê en nie bedoel dat Sam jok nie.

Hoofstuk 16: Die bleddie broodbome

1. Baie dinge het verander: Sy het 'n nuwe kêrel, sy en oom Sybie gaan skei, oom Sybie verkoop sy geliefde broodbome, oupa Thinus verhuis en Eduard se gevoel vir sy ma verander van verlange na blaam en verwyd.
2. Sarkasme. Kara bedoel die teenoorgestelde van wat sy sê / Ironie, want Eduard het werklik groot probleme, alhoewel nie dié waarna Kara verwys nie.
3. Beletselteken / ellips. Hier dui dit Ina se verbasing en teësinnige instemming aan.
4. Hy verkoop die broodbome want hy hoef nie meer daarmee te vroetel wanneer sy pa hom frustreer nie. Hy verkoop die broodbome vir Eduard se vlieglesse as offergebaar en liefdesbetuiging. Hy skimp dat die egskeding nie onwelkom is nie omdat Ina nie kon verstaan waarom hy soveel tyd aan die broodbome bestee het nie. Hy besef dat Eduard sy kant in die egskeding kies en dat die meisies hulle ook ondersteun.
5. Ja, "bleddie" is 'n eufemisme vir 'n skeldwoord wat dui op die teenoorgestelde gevoel, dus vertedering teenoor die broodbome wat as uitkoms gedien het – vir oom Sybie van oupa Thinus se toestand en toe van sy vrou wat hom nie verstaan nie en vir Eduard as geld vir sy vlieglesse.

Hoofstuk 17: Die sigaar

- 1.1 lokaal
- 1.2 alkoholvrye skemerkelkies
2. Ja, sy suggereer dat sy dit met wysheid sal hanteer.
3. Letterlik beteken dit die rok is uit 'n ander wêrelddeel (Italië) ingevoer. Figuurlik beteken dit die rok is só mooi dat jy nie kan glo dit kom van die werklike wêreld nie.
4. Nee, Kara het geglo sy sal nooit matriekafskeid toe gaan nie, en nou gaan sy. Sy het gedink seuns bring net in soetsappige films polsruikers, en hier bring Eduard ook een.
5. Sy bedoel eintlik die hond se agterstewe, met ander woorde sy lyk sleg of slordig.
6. Ma se voorbereidings vir Kara se matriekafskeid vergoed vir haar eie waarheen sy nooit gevra is nie.
7. Dit is 'n verrassing omdat sy juis nooit rokke of grimering dra nie.
- 8.1 Geloofwaardig. Sy het die semi-finale ronde van die redenaarskompetisie gewen.
- 8.2 Geloofwaardig. Meneer Smit bewys daarmee dat hy in haar onskuld glo.
- 8.3 Ongeloofwaardig (veral die band met "Beste ma ter wêreld" daarop), maar dit sorg vir 'n lekker sprokiesende.
- 8.4 Geloofwaardig. Haar rok kom van Milaan en sy is gemáák om 'n kroon te dra.

Hoofstuk 18: Kring om die maan

1. "Jy was laas by 'n partytjie toe daar nog 'n springkasteel was."
2. Sy droom van reis en eksotiese plekke. Die onromantiese fabriek lyk met verbeelding soos 'n skip en impliseer dus dat drome bewaarheid kan word.
3. Dit is Meimaand en letterlik die koms van koue weer. Kara ervaar dit as 'n teken dat hulle oukei sal wees, maar die leser weet dat hul genderkeuse nog moeilike tye voorspel.
4. Die interpretasie van *infinite* suggereer iets wat nie meetbaar is nie, nie vasgepen of gemeet kan word nie, nie 'n bepaalde einde voorsien nie. In grootwordstories dui water, byvoorbeeld reën, 'n dam, bad, ensovoorts dikwels 'n nuwe fase aan. Die kinders verruil die leë dam nou vir die dorpsdam – 'n groter dam met water – waar hulle saamdryf soos 'n menslike waterlelie. Die waterlelie oftewel lotusblom simboliseer konsepte soos suiwerheid, hergeboorte en die lewensiklus aangesien dit in water groei, waar dit onderwater vrugte vorm, dan na bo dryf en 'n nuwe lelie vorm. "Oneindig" dui dus hier op iets soos "potensiaal". Zelda sê self: "Die titel verwys na die boek se eindtoneel, een van daardie situasies waar dit voel asof tyd stilstaan en iets baie belangriks aan't gebeur is.

Almal van ons kom sulke dinge oor in ons lewens. Ek onthou veral sulke oomblikke uit my tienerjare saam met vriende. 'n Mens voel asof jy sweef, asof moontlikhede onbeperk is.”

5. Saam met die kring om die maan suggereer dit dat die verteller uit 'n ouer en wyser perspektief (en dalk nostalgie) onthou hoe hulle was voordat die lewe hulle ontnugter het.